JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK-EKSAMEN

GRAAD 10

AFRIKAANS EERSTE ADDISONELE TAAL

VRAESTEL 3

NOVEMBER 2013

PUNTE: 100
TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 NOVEMBER 2103 EKSAMEN
VRAESTEL 3

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
   AFDELING A: Opstel. (50 PUNTE)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste. (30 PUNTE)
   AFDELING C: Transaksionele, naslaan en informatiewe tekste (20 PUNTE)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Nommer die skryfstukke wat jy kies korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Voer die opdragte, by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.

5. Die uiteensetting van jou skryfstukke is baie belangrik. Jy moet elke skryfstuk op 'n NUWE DUBBELBLADSY begin.

   5.1. Doen die beplanning/redigering op die linkerkantste bladsy.

   5.2. Skryf die woorde FINALE PRODUK aan die regterkantste bladsy.

   VOORBEELD:

	LINKERBLADSY **BEPLANNING/REDIGERING** **<u>Kan</u>** só lyk Onderwerp Inleiding / Paragrawe / Slot Jy kan dan op die bladsy jou foute vebeter / wys voordat jy die stuk oorskryf.		**1.2.**	**REGTERBLADSY** **FINALE PRODUK** Byvoorbeeld: **Die sokkerwêreldbeker**	

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 200 – 250 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1. ***As ek 'n tweede kans kry sal ek dit anders doen.***

OF

1.2. **My klasmaats.**

OF

1.3. Hoe ek by die huis help.

OF

1.4. So wil ek 'n verskil maak.

OF

1.5. ***Geweld teen onderwysers***

OF

Kies EEN van die volgende visuele tekste. Laat jou gedagtes gaan en skryf **ENIGE LANG OPSTEL** daaroor.

1.6.1.

OF

1.6.2.

OF

1.6.3.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE
VRAAG 2

• Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.

2.1. **Koerantartikel**

Jy is die redakteur van die skoolkoerant en die hoof het jou gevra om 'n KOERANTARTIKEL te skryf oor die onderwysers in die skool.
Dink aan die volgende:

- Hoveel onderwysers daar is.
- Wie die langste daar is
- Die nuwe onderwysers.
- Die buitemuurse aktiwiteite waarin die onderwysers betrokke is.

OF

2.2. **Notules**

Jy is die SEKRETARIS van die Jeugklub en die president het jou gevra om die NOTULES van 'n vergadering wat gehou is op te trek.
Jy kan die volgende riglyne gebruik om jou te help:

- Die datum van die vergadering
- Wie afwesig is.
- Verskonings.
- Sake voortspreitend van die vorige vegadering.
- Sake wat bespreek is – elk met sy eie opskrif en kortlikse samevatting.
- Afsluiting.
- Datum van die volgende vergadering.

OF

2.3. **Onderhoud**

Jy het vir 'n kompetisie ingeskryf om 'n onderhoud met die wenner van Suid-Afrika se Pop Idols Khaya Mthethwa op die radio te kan hê. JY HET DIE KOMPETISIE GEWEN!! Skryf die ONDERHOUD wat jy met Khaya het.
Gebruik die volgende riglyne vir jou vrae:

- Waar hy vandaan kom.
- Hoekom hy aan die kompetisie deelgeneem het.
- Hoe hy gevoel het toe hy gewen het.
- Sy toekomsplanne.

OF

2.4. **Musiekresensie**

Toe jy 'n onderhoud met Khaya Mthethwa gehad het, het hy vir jou sy nuwe CD gegee en gevra dat jy daarna moet luister en vir hom 'n MUSIEKRESENSIE moet skryf wat hy vir Huisgenoot wil gee. Skryf oor:

- Die naam van die CD.
- Die looptyd.
- Snitte waarvan jy gehou het / nie gehou het nie.
- Jou opinie van die CD. (Jy kan dit bepunt)

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE

VRAAG 3

• Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.

3.1. **Dagboekinskrywing**

Jy en jou beste vriend het 'n hewige argument gehad. Skryf wat gebeur het en hoe jy daaroor voel deur 'n DAGBOEKINSKRYWING te doen.

OF

3.2. **Uitnodiging**

Dit is binnekort jou suster se VERJAARSDAG en sy het besluit om 'n partytjie te hou en sy het jou gevra om die uitnodiging te doen. Ontwerp 'n UITNODIGING wat julle gaan stuur. Onthou om die volgende in te sluit:

- Tyd, datum en plek.
- Kleredrag.
- Illustrasies. (Tel nie vir punte nie)
- RSVP, ens.

OF

3.3. **Poskaart**

Jy sit in Durban en wil graag spog oor hoe mooi die plek is by jou beste vriend / vriendin. Ontwerp en skryf 'n POSKAART aan jou vriendin / vriendin en vertel hom / haar van jou vakansie in Mauritius.
Skryf oor dinge soos:

- Waar julle bly.
- Wat jy elke dag doen.
- Hoe dit daar lyk, ens.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 NOVEMBER 2103 EKSAMEN
VRAESTEL 3

ONTHOU: JY MOET DIE POSKAART HIERONDER OORTREK IN JOU ANTWOORDBOEK.

Poskaart	

TOTAAL AFDELING C: 20

VRAESTEL TOTAAL - 100